# Dié Etiek of slegs Etiese Riglyne? Self-evaluering van Tendense, Invloede en Skuiwe in Etiek-navorsing

***Prof. L.O.K. Lategan***
***Dekaan: Navorsing en Ontwikkeling***
***Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat***
***Privaatsak X20539***
***BLOEMFONTEIN 9300***
***Suid-Afrika***

***llategan@cut.ac.za***

**Synopsis**

*This article is presented as a self-assessment of the researcher's research into various ethical themes. The intension of the article is to analyse what trends, developments and paradigm shifts influenced research into ethics. The author indicates that ethics has grown in popularity. This is evident through the influence ethics has on contemporary society. At the same time ethics is called in to addresses difficult issues. The moral basis of ethics also changed over time. To assess whether these changes and challenges had any influence on research into ethics the author identified seven ethical themes to reflect on. These themes are meta-ethics, medical ethics, professional ethics, business ethics, professional ethics, pastoral ethics and the compromise. These themes are also used to identify what can be learnt from research into ethics. The author identifies that ethics is a science in own right, ethics is no quick fix and that ongoing conceptual development is important for ethical growth. Since the author works within the context of Reformed ethics the Kingdom of God is regarded as an important ethos for research into ethics.*

## 1. Oorsig van studie

Oor 'n tydperk van 25 jaar het skrywer van die artikel navorsing oor verskeie onderwerpe in die etiek gedoen. Hierdie onderwerpe kan beskou

word as ’n spieëlbeeld van etiek-navorsing in dié tyd en van watter sentimente en riglyne vanuit ’n reformatoriese etiek vir etiese dilemmas geformuleer is. In hierdie tydperk kan drie duidelike ontwikkelings in die etiek-navorsing waargeneem word:

- *Eerstens het die belang van etiek gegroei.* Die persepsie het vir ’n lang tyd bestaan dat etiek teoreties na morele dilemmas kyk maar nie altyd ’n praktiese antwoord daarvoor gehad het nie. ’n Goeie bewys hiervan was die aborsiedebat waarin aborsie op aanvraag afgekeur is oor (veral) godsdienstige redes maar vrae of byvoorbeeld die bevolkingsontploffing nie ’n groter euwel is nie, is baie selektief aangespreek (sien hier die opmerkings van Deist (1991) oor aborsie en bevolkingsontploffing). Nog ’n voorbeeld is die Britse dirigent, sir Edward Downes en sy vrou, Joan, wat na bewering in ’n bystandselfmoordkliniek dood is. Hy was 85, byna blind en al dower. Sy vrou, 74 jaar oud, het skynbaar kanker gehad. Hulle is “vreedsaam en in omstandighede wat hulle self gekies het, dood” (*Volksblad*, 2009:3). Dit het opnuut vrae laat ontstaan oor genadedood. Die belang van etiek het ook duideliker geword namate daar ’n afname in mense se verantwoordelikheid is en die indruk dikwels geskep word dat samelewings se etiese mondering omtrent nie meer bestaan nie. Hiervan getuig ritse koerantkolomme en -artikels wat verwys na die morele verval in die samelewing en die gebrek aan etiese mondering.
- *Tweedens het etiek “ongemaklike kwessies” aangespreek.* Die jongste voorbeeld is die vraag of die aankoop van luukse en duur ministeriële voertuie met belastinggeld eties geregverdig kan word in ’n land met hoë werkloosheidsyfers en ’n resessie waarvan die impak duidelik nog nie bepaal is nie. Politieke skandes en korrupsie verdien ook die aandag van etiese kommentators. ’n Verdere ontwikkeling is dat etiese riglyne vir ’n nuwe moraliteit nog nie voldoende ontwikkel is nie. Hier kan ’n mens verwys na die begrip “proefhuwelik” (as verleentheidsbegrip) wat vervang is deur mense wat “saam” is of “saamwoon”. Die ongemaklike vraag is inderdaad dat as saamwoon ’n alledaagse verskynsel geword het, of dit voldoende vir die Christelike seksuele/huweliksetiek is om dit af te keur of moet daar nou etiese riglyne vir saamwoon geformuleer word? Geen verantwoodelike etiek kan die rug hierop draai nie.
- *Derdens het etiek se morele basis verander.* In die verlede was dit maklik om op grond van Skrifberoep ’n etiese uitspraak te maak (byvoorbeeld seksuele verhoudings), maar met die verskraling van die Skrifgesag is/moes nuwe argumente geformuleer word. Dit sou onverantwoordelik wees om te beweer dat die Bybel nou nie meer ’n

inslag het nie. Die uitdaging is veel eerder om die konteks waarbinne etiek verstaan en ondersteun word, beter te verduidelik. Van Niekerk (2005) se studie oor geloof in die wetenskap het dit duidelik gemaak dat 'n mens sinvol moet besin oor die rol van "Athene" en "Jerusalem", onderskeidelik as metafore vir wetenskap en geloof.

Hierdie inleidende opmerkings laat die vraag ontstaan oor die relevansie van etiek-navorsing en watter riglyne hieruit afgelui kan word om etiese riglyne vir 'n postmoderne samelewing te formuleer.

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal die navorser enkele temas wat ondersoek is, ontleed om vas te stel watter tendense, invloede en skuiwe 'n impak gehad het op die etiek-navorsing wat onderneem is.

## 2. Temas en skemas

Die navorsing wat onderneem is, kan in verskillende temas ingedeel word. Sewe belangrike temas kan in die navorsing geïdentifiseer word. Hierdie temas is:

- *Meta-etiek* – Wat is etiek?
- *Mediese etiek* – Etiese vrae rondom die begin en die einde van lewe – veral rondom die temas van aborsie en genadedood.
- *Sake-etiek* – Beginsels wat goeie sake praktyk onderlê.
- *Professionele etiek* – Beginsels vir professionele gedrag in die werkplek.
- *Pastorale etiek* – Beginsels vir die hantering van etiese dilemmas in die pastoraat.
- *Navorsingsetiek* – Beginsels vir integriteit in navorsing.
- Die *kompromie* – 'n Etiese figuur om etiese dilemmas aan te spreek.

Die doel om elke tema kortliks aan die orde te stel, is enersyds om 'n geformuleerde standpunt hieroor op te stel en andersyds om 'n bepaalde fokus in die formulering van standpunte aan die orde te stel. Vir die doeleindes van die navorsing is die bedoeling nie om alle standpunte volledig weer te gee nie, maar eerder om aan te dui hoe 'n bepaalde paradigmatiese vetrekpunt 'n standpunt kan rig en om vas te stel in hoeverre hierdie vetrekpunt konsekwent in die debat oor 'n bepaalde saak gehandhaaf is.

Die fokus en resulate van elke tema kan kortliks as volg verduidelik word:

### *2.1 Meta-etiek*

'n Belangrike vraag in etiek-navorsing is die vraag *"Wat is etiek?"* Op voetspoor van die reformatoriese wysbegeerte kan die standpunt gehandhaaf word

dat etiek die studie is van morele liefde in die samelewing (in kosmologiese sin). Die etiek bestudeer dus hoe morele liefde in die samelewing neerslag behoort te vind. Prakties beteken dit dat die etiek oor alles in die samelewing kan nadink vanuit hierdie bepaalde gesigsveld. Die *sinkern* (dit wat die etiek te gronde lê) van die etiese is waarheid/trou. Waarheid/trou onderlê morele liefde. Dit laat die navorser met die definisie van etiek as die bestudering, identifisering en toepassing van die beginsels van waarheid/trou. Vakwetenskaplike etiek as toegepaste etiek ondersoek weer die vraag hoe en watter beginsels vir 'n bepaalde situasie geïdentifiseer kan word (byvoorbeeld hoe doen mense eerlike besigheid as swart ekonomiese bemagtiging gapings laat vir sakemense om hieraan deel te neem sonder dat hulle hiervoor kwalifiseer of iemand ter wille van regstellende aksie oor die hoof gesien word)?

Die aanpak van die ontwerp oor meta etiek het uit verskeie *a priori* perspektiewe plaasgevind.

*Eerstens* is die belangrike rol van die filosofie benadruk. Die uitgangspunt is gehandhaaf dat geen vakwetenskap oor homself kan nadink sonder dat wysgerige perspektiewe hierby betrek word nie (sien Strauss, 1978). Filosofie is dus nie in kompetisie met die etiek nie, maar help juis met die verbreding van perspektiewe. 'n Tipiese voorbeeld is dat die etiek slegs vanuit 'n etiese perspektief oor byvoorbeeld die reg op lewe kan nadink (koestering van lewe op basis van morele liefde), maar dat die filosofie 'n totaaloorsig hieroor kan gee (Wat is lewe?).

*Tweedens* is die rol van etos (diepste grondoortuiging) benadruk. Hier was veral die siening van J.H. Smit (op voetspoor van A. Troost) gevolg. Vir Smit (1985) is etos sinoniem met Dooyeweerd se grondmotiewe. Etos is dit wat op 'n mens se hart appelleer en dus die rede/motief waarom iets gedoen word. Etos moet nie net as grondmotief beoordeel word nie, maar is ook 'n genuanseerde uitdrukking van die wetenskapsfilosofie dat wetenskap nie in 'n vakuum beoefen word nie en dus nie waardevry kan wees nie.

*Derdens* is die *Koninkryksmotief* (op voetspoor van J.A. Heyns) gebruik as alternatiewe formulering van Dooyeweerd se grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Die waarde van die Koninkryksmotief is dat dit dien as religieuse grondmotief van waaruit mense dink, redeneer en handel. Heyns formuleer sy Koninkryksmotief binne die raamwerk van 'n gehoorsaamheidsteologie. Gehoorsaamheid gee beslag aan die wyse waarop 'n mens die skepping beleef ("hoor") en sy reaksie ("antwoord" = "weerwoord") daarop (sien Heyns, 1972).

*Vierdens* is die definiëring van etiek verder verbreed met die konseptualisering hiervan binne die raamwerke van Douma se verantwoordelike

handelinge, Fisher se verwysing na besluite/keuses ("making choices") in etiek en Burggraeve se *haalbaarheids*- en *groeietiek* wat na die besluitnemende, handelende en voorkomende karakter van die etiek verwys. **Douma** (1999) werk met die begrip van morele handelinge. Morele handelinge omvat 'n netwerk van handelinge en volg op 'n bepaalde normstelsel. As 'n mens dus sou sê dat handelinge normatief is dan kan nie vanselfsprekend aanvaar word dat alle handelinge noodwendige "goeie" handelinge is nie. Handelinge is ook emosioneel en gemotiveerd (rede vir optrede). Handelinge weerspieël karakter (deug). Alle handelinge is ook doelgerig. **Fisher** (2000, 2002) werk met die begrip van besluite wat geneem en keuses wat gemaak word. Etiek is waardegedrewe keuses in aksie. Hy vind veral aanluiting by Peter Drucker se onderskeid tussen die regte keuses (doing the right thing) en om dinge reg te doen (doing things right). Fisher se vertrekpunt maak dit duidelik dat geen etiese besluitneming waardevry kan wees nie, maar dat geen werker ook van sy/haar etiese verantwoordelikheid kan ontkom nie. Etiek verkry hiermee 'n handelende (moet besluite neem) en appellerende (een mens se besluit kan 'n ander beïnvloed) karakter. **Burggraeve** (1997, 2000) werk met twee belangrike etiese konsepte, naamlik die *etiek van die haalbare* en 'n *groei-etiek.* Die etiek van die haalbare herinner 'n mens juis daaraan dat etiese gedrag in onvolmaakte situasies nie afwesig moet wees nie. Die groei-etiek begelei 'n mens om vanuit die onvolmaakte situasie na die ideale situasie te groei. Onderliggend aan 'n groei-etiek is dat die etiese keuse wat gemaak word nie noodwendig die beste keuse mag wees nie, maar dat daarna gestreef moet word om so na as moontlik aan die ideale situasie te kom. Binne die groei-etiek is daar verskeie riglyne wat gevolg kan word om te streef na die ideale situasie.

Op die basis van hierdie onderbou kan etiek beskryf word *as normatiewe handelinge (keuse/uitvoering van die keuse) wat deur singewing (groei) morele liefde vergestalt*.

Geen normatiewe handeling kan sonder 'n etos wees nie. Die navorser het op basis van die Gereformeerde belydenis die Koninkryksmotief as etos geneem.

Uit hierdie navorsing kan drie sake afgelei word:

- Paradigmatiese vertekpunte beïnvloed etiese keuses.
- Verskeie etiese vetrekpunte kan ingespan word om 'n bepaalde etiese raamwerk te formuleer.
- Etiek is nie stagnant nie – etiek se rol is nie klaar as 'n besluit in 'n dilemma geneem word nie, maar die invloed van die besluit moet ook verreken word.

## 2.2 Mediese etiek

Medies-etiese vrae rondom die *begin* (aborsie) en die *einde* van lewe (genadedood) was die fokus van navorsing. 'n Belangrike perspektief wat gevolg is, is rondom die heiligheid van lewe en dat ontluikende én kwynende lewe steeds op eerbied en respek vir lewe aanspraak kan maak. Die gereformeerde standpunt is gehandhaaf dat lewe beskerm moet word in lyn met die sesde gebod (Eksodus 20:13) wat die wederregtelike neem van lewe verbied. Die standpunt is onderskryf dat hoewel mediese navorsing verskil oor presies wanneer daar van menslike lewe gepraat kan word, word die gereformeede siening gehandhaaf dat menslike lewe begin met bevrugting. Hier word geloof nie teenoor wetenskap geplaas nie. Die interpretasie is eerder dat die Bybel God se betrokkenheid by die skep van lewe so integraal beskou dat daar nie aan 'n oomblik gedink kan word waar God nie hierby betrokke is nie. Dit is om hierdie rede dat die Bybel die wording van lewe assosieer met die oomblik van bevrugting. Op basis hiervan is dit om te ewe of dit dan by bevrugting, inplanting of selverdeling is ((sien die gebalanseerde perspektief van Du Toit (1989) in hierdie verband)). In hierdie tydperk herinner Greidanus (1990:4) aan die hermeneutiese reël dat elke interpretasie in die konteks van historiese en kulture omgewing verstaan moet word. Hy merk verder ook op dat die Bybel nie in wetenskaplike taal geskryf is nie. Bybelse taal kan nie met wetenskapstaal verwar word nie. Die Bybelskrywer reflekteer vanuit sy/haar oortuigings op die geskape werklikheid. Hy/sy gee dus weer sy/haar verstaan van God se betrokkenheid by die skepping.

Die beëindiging van lewe word ook gebaseer op die beskerming wat selfs kwynende lewe verdien. Hoewel bekende kriteria soos breindood nagevolg word, speel vrae soos die teodisee-leerstuk, die sinvolheid van lyding en die verwantskap met "geassisteerde selfmoord" 'n rol. In die aborsie en genadedood debatte speel die kompromie 'n belangrike rol. Etiese dilemmas kan nie los gedink word van dilemma-omkringende vrae nie. Etiek is geen wetenskap in isolasie nie.

Spoelstra (1990:50) het dit uitvoerig gedebateer dat die mens nie tot 'n objek gereduseer kan word nie. Om sy standpunt te handhaaf, verwys hy na die "baba M" wie se natuurlike moeder 'n surrogaat moeder was. Sy eis nou die kind terug. In praktyk beteken dit dat die baba 'n onderwerp in 'n regsgeding was. Die mens as subjek word tot 'n *-isme* gereduseer. Dit het implikasies vir vrae rondom die begin en die einde van die lewe (Spoelstra, 1990:51).

Uit hierdie navorsing kan vier sake afgelei word:

- Lewe bly kosbaar ongeag die morele vertrekpunt.
- Voorgeboortelike lewe het regstatus maar dit kan ook beëindig word.

- Vir die Christelike etiek is daar nie ’n oomblik waarby God nie betrokke was by voorgeboortelike lewe nie. Die begin van lewe is derhalwe in die oomblik van bevrugting.
- Die sinvolheid van lewe word al hoe meer aan die hand van produktiwiteits- en lydingskategorieë beoordeel.

### *2.3 Sake-etiek*

Klem is deurgaans gelê op beginsels wat eerlike besigheid moet onderskryf. Beginselgedrewe besigheid verteenwoordig goeie besigheid en goeie besigheid is nie altyd net om wins te maak nie. Die navorsing is sterk beïnvloed deur ’n “somerskool” module wat aan die St Louis Universiteit in die VSA gevolg is. Drie invloede kan geïdentifiseer word: Die rol van *ingeligte besluitneming, die verskil en verwantskap tussen sake- en beroepsetiek* en die rol van *etiese kodes*. In hierdie navorsing is die klem op persoonlike waardes gelê en geargumenteer dat dit nie reëls is wat mense eerlik maak nie, maar ’n persoonlike toewyding aan die saak. Die rol van verantwoordelikheid is dus verder beklemtoon. In hierdie tydperk het die bekende *Harvard business review-* gevallestudie “The parable of the Sadhu” die begrip verder versterk dat verantwoordelikheid ’n deelbegrip is wat nie verplaas kan word nie. In dieselfde tydperk het werk van Joseph Badaracco (1998) ook ’n rol gespeel om etiek binne ’n raamwerk van “roles and responsibilities” vas te lê. Badaracco het dit verder duidelik gemaak dat verantwoordelikheid nie gedelegeer kan word nie en dat elke situasie sal bepaal hoe verantwoordelikheid vergestalt moet word.

Uit die navorsing kan twee sake afgelei word:

- Geen sake kan sonder verantwoordelikheid onderneem word nie.
- Verantwoordelikheid is ’n manier van leef (handel) en nie ’n etiese plus (etiek en nog iets) nie.

### *2.4 Professionele etiek*

Met professionele etiek word in die algemeen bedoel hoe werkers binne hulle professies eties moet optree (sien Shaw & Barry, 2004:8-9). ’n Bepaalde gemeenskaplikheid tussen werker en professie word dus veronderstel (Luban, 2005:583). Die veronderstelling is verder dat die professionele werker die etiese waardes van sy/haar professie maar uitleef – iets waarna verwys kan word as ’n “common morality” (Luban, 2005:585).

In professionele etiek speel etiese kodes vir beide organisasies en professionele werkers ’n belangrike rol. Etiese kodes sluit in aspekte soos verbintenisse van die uitvoerende bestuur, waardebepaling van organi-

sasies, betrokkenheid van werkers, implementering van ’n finansiële kode, ens. (sien *Business*: The ultimate resource, 2002:456-457). Die afleiding is dat professionele gedrag deur etiese waardes begelei moet word (Shaw & Barry, 2004:9).

Die vraag wat onmiddellik hierop volg, is of hierdie waardes etiese gedrag kan waarborg? ’n Onvoorwaardelike ja kan nie op hierdie vraag gegee word nie. Die stelling kan gemaak word dat hoewel baie professies etiese kodes het, is dit nie altyd voldoende om etiese gedrag in die werkplek te verseker nie. Hiervan getuig skandale soos die bekende Enron (2001) en meer onlangse Société Générale-sage (2007). Die punt is dus duidelik. Professionele werkers en hulle organisasies het etiese kodes wat hulle professionele gedrag moet rig. Hierdie gedrag mag egter nie tot meganistiese gedrag beperk word nie. Waardes moet persoonsgeïntegreerd wees en deur professionele beroepslui uitgeleef word.

Bykomend tot die gesprek oor professionele gedrag en etiek is daar by baie professionele beroepslui ’n behoefte daaraan dat hulle *geloof* in hulle professies neerslag moet vind. Die wyse waarop dit moet plaasvind, verskil ook. Dit wissel van ’n “*getuienis-aksie*” (die sogenaamde “*tell me culture*”) tot ’n “*uitleef-aksie*” (die sogenaamde “*show me culture*”). Voorbeelde van die uitleef van geloof in die werkplek is dokters wat nie ’n aborsie/genadedood op aanvraag wil uitvoer nie; dominees wat in die pastorale gesprek die reg op privaatheid wil eerbiedig, maar nie ten koste van iemand wat direk hierby belang het nie (byvoorbeeld die man wat HIV positief is, maar nie sy vrou daarvan wil vertel nie); ’n advokaat teenoor wie beken is dat ’n moord gepleeg is, maar hy/sy verdedig die kliënt se onskuld; ’n verkoopsman wat doelwitte moet bereik, maar krediet word aan mense verleen wat dit nie kan bekostig nie (byvoorbeeld die amerikaanse bankkrisis), ’n bestuurder wat kollegas gemotiveerd wil hou en nie hulle lojaliteit wil verloor nie deur hulle gedrag te beskerm (byvoorbeeld die ongemagtigde gebruik van ’n maatskappymotor), die dosent wat gekonfronteer word met standaardverlaging, subsidie vir afgestudeerde studente en bevordering wat berus op die aantal studente wat slaag en hulle tevredenheid met die dosent, ens. Die behoefte bestaan dus aan ’n professionele etiek wat (Christelike) waardes in die werkplek moet inkorporeer. Dit roep die vraag op hoe waardes én watter waardes deel van ’n professionele etiek kan wees?

Om Christen in die werkplek te wees beteken alles behalwe om ’n mens daarvan te onttrek. Velema (1976) behandel die tema van vreemdelingskap in die wêreld. Hiermee word alles behalwe ’n vermyding van die wêreld bedoel, maar eerder dat ’n mens nie konformeer aan die praktyke

van die lewe nie omdat die wêreld nie 'n mens se finale tuiste is nie. In hierdie sin is 'n mens 'n bywoner wat op pad is na die vaderland. Dié tema strook met wat die Hebreërskrywer in gedagte gehad het. Wat nie hiermee veronderstel of geïmpliseer word nie is dat vreemdelingskap nie beteken dat die wêreld vermy moet word nie. Inteendeel, Genesis 1:28 gee ook die positiewe opdrag dat 'n mens met sorg oor die skepping moet waak en Genesis 9:6 dat die mens ook as God se verteenwoordiger in hierdie wêreld aangestel is. Die vreemdelingskap bedoel ook nie dat mense wat nie 'n bepaalde oortuiging of agtergrond deel, vermy moet word nie. Vosloo (2006) vra in sy boek, *Engele as gaste?*, juis vir begrip vir mense vanuit ander kulture, godsdienstige oortuigings en waardes. Hierdie beginsel behoort (meer nog) aanwesig te wees in die professionele werkomgewing. Die Ou Testamentiese idee van die vreemdeling kan hier nadergeroep word. Hiervolgens word niemand uitgebuit nie en moet barmhartigheid betoon word. Die Nuwe Testament openbaar dieselfde gees in die bergpredikasie en die sinoptiese gelykenisse.

Uit die navorsing kan drie sake afgelei word:

- Die Christen vind sy/haar professionaliteit in sy/haar roeping. Roeping is om beslag te gee aan 'n mens se verhouding met God.
- Christelik-gefundeerde waardes verhinder 'n mens om sekere praktyke te onderneem.
- Die gesindheid waarmee die Christen werk, is bepalend vir sy/haar professionaliteit.

### 2.5 Navorsingsetiek

Navorsingsetiek het te doen met die vestiging van etiese beginsels in die doen van die navorsingsprojek. In navorsingsetiek word die klem gelê op die integriteit van die navorsingsproses. Navorsingsetiek kan ook nie verskraal word net tot mediese en dierenavorsing nie. Die rol wat geld speel, kan ook as 'n potensiële etiese probleem uitgewys word. Die relevansie hiervan blyk veral uit Bok (2003) se studie waarin gewaarsku word dat die kommersialisering van navorsing etiese probleme soos eie besighede tot gevolg kan hê. In 'n gesamentlike studie met Peter Hooper van Keele Universiteit in Engeland is verder daarop gewys dat besighede ("*enterprises*") nuwe- soortige etiese dilemmas na vore roep omdat besighede 'n bepaalde uitgang op wins het (Lategan & Hooper, 2009).

Dit is om hierdie rede dat geen navorsing sonder 'n waardegedrewe etiese raamwerk beoefen kan word nie. Vir die beoefening van waardegedrewe navorsing is 'n vier-stap konseptuele raamwerk voorgestel wat opmekaar bou (Lategan, 2007). Hierdie model is gebaseer op die normatiewe keuses

en handeling wat morele liefde moet vergestalt. Die vier stappe behels: etiese denkraamwerk/paradigma, konteks, etiese analise en beoordeling en uitkoms en impak. Met hierdie raamwerk word bedoel dat vanuit die gekose <etiese raamwerk/paradigma> word oorbeweeg na die <konteks> wat op grond van die etiese raamwerk/paradigma die situasie <eties analiseer en beoordeel>. Die raamwerk word voltooi met die evaluering van die <uitkoms en impak> van die besluit. Elke stap het dus 'n bepaalde funksionaliteit.

Hierdie raamwerk [noem dit 'n *alpha (?) raamwerk*] sentreer rondom 'n kern etiese beginsel, naamlik *verantwoordelikheid* [noem dit 'n *beta (?) raamwerk*]. Valenkamp (2006) se standpunt is geldig as hy beweer dat nuwe tegnologiese ontwikkelings noodsaak dat weer na die toepaslikheid van bestaande etiese praktyke en gedragskodes gekyk moet word. Hy wys daarop dat die doel van die tegnologie is om deur middel van die tegniek menslike welwese (*well-being*) te bevorder. Die etiese problem is dat die tegnologie nie as verlosser beskou moet word nie. Die uitdaging word problematies omdat die tegnologiese vermoëns, etiese riglyne en ekonomiese impak moet balanseer.

Die wigpunt van hierdie raamwerk is dat enige navorsingsprojek die waardegedrewenheid daarvan kan bepaal aan die hand van hierdie vierledige raamwerk met verantwoordelikheid as die as waarom dit draai. Die validasievraag is of 'n navorsingsprojek nie andersins ook gedrewe kan wees nie? Wat maak hierdie model uniek? Die evaluering van die model is dat hierdie model die navorser nie net bewus maak van hoe byvoorbeeld gesindheid (etiese denkraamwerk/paradigma) die navorsing beïnvloed nie, maar ook dit die analise en beoordeling van die konteks sal bepaal. Geen navorsing kan afsyding teenoor die etiese impak en uitkoms van 'n projek staan nie. Die raamwerk wys dus nie net die waardegedrewenheid van die navorsing uit nie, maar ook die tipe etiek (paradigmatiese vertrekpunt) onderliggend aan die navorsingsprojek.

Uit die navorsing kan drie sake afgelei word:

- Etiek is in al die stadiums van die navorsingsproses aanwesig.
- 'n Etiese ingesteldheid waarborg normgedrewe navorsing.
- Etiek in navorsing strek veel wyer as net medies-etiese kwessies.

## 2.6 Pastorale etiek

Oor die noodsaaklikheid van 'n pastorale etiek hoef beswaarlik geargumenteer te word. Heitink (1977:230) sê dat wanneer geloofs- en lewensvrae aan die orde gestel word, dit meermale die karakter van 'etiese vrae'

dra. In aansluiting hierby meen Strauss (1988:188) dat in die toepassing of konkretisering van die pastoraat dit veral oor etiese kwessies gaan. Die ontwerp van 'n pastorale etiek is dus belangrik vir die pastorale bediening.

Binne die pastoraat kan pastorale etiek verduidelik word as die normatiewe verhoudings in die bediening van geloofsorg. Hierdie normatiewe verhoudings van die mens word gekwalifiseer deur die (modale) liefde wat weer van die sentrale liefdesgebod onderskei moet word. Hierdie liefde moet neerslag vind in die handeling van een gelowige teenoor 'n ander gelowige vanuit die konteks van die verbond en die kerk binne die konteks van die Koninkryk in 'n etiese situasie. Hierdie verhouding van die een mens teenoor 'n ander mens in 'n etiese konteks is 'n uitdrukking van 'n mens se gehoorsaamheid en die vervulling van die roeping teenoor die naaste.

'n Pastorale etiek bestaan uit die volgende:

- **Gehoorsaamheid:** Gehoorsaamheid is 'n antwoord op wat die Woord van God in 'n spesifieke situasie van 'n mens vra.
- **Mensbeskouing:** Etiek en pastoraat werk nie met brokstukke van 'n liggaam nie, maar met 'n totale mensbeskouing.
- **Sleutelmag:** Die kerklike tughandeling is juis daarop gerig om die persoon in 'n krisis terug te wen vir die Koninkryk van God.
- **Sondeleer:** Klem moet gelê word op die sonde as diepste skuld voor God, die vergifnis daarvan deur 'n egte skuldbelydenis asook die aanvaarding van God se sondevergiffenis. Etiese en religieuse skuld moet van mekaar onderskei word.
- **Kerk en Koninkryk:** Die normatiwiteit van die kerk as konteks van waaruit en die Koninkryk as konteks waarbinne pastorale etiek bedien word, moet geformuleer word.
- **Verbondsleer:** Die verbond illustreer die etiese moment van liefde en die pastorale moment van sorg.
- **Die eskatologiese realisme:** Die realiteit van die eskatologie troos omdat daar 'n nuwe lewe op die gelowige wag. Die eskatologie vermaan dat 'n mens nie uit jou situasie moet vooruit gryp na dit wat nog nie is nie. Hieraan word die promissiologie gekoppel.
- **Die Providentia Dei**: Die gelowige moet bely dat alles onder die beskikking van God staan.
- **Christologie:** Christus het die werklikheid van sonde verlos.
- **Pneumatologie:** Die Heilige Gees lei die mens in die waarheid.

Uit die navorsing kan drie sake afgelei word.

- Die verskillende elemente van ’n pastorale etiek kan mense help om normatiewe handelinge en morele liefde beter te verstaan.
- Geen etiek kan sonder ’n mensbeeld funksioneer nie.
- Etiek is nie net teregwysing nie maar ook verbetering. Etiek spreek nie net aan nie, maar help ook om ’n nuwe werklikheid in ’n ingetuimelde wêreld raak te sien.

## 2.7 Die kompromie

As vertrekpunt word geneem dat die kompromie *’n onafwendbare keuse tussen twee norme (beginselpositiverings) is wat nie in een situasie gelyktydig gerealiseer kan word nie.* Hierdie botsing van norme as gevolg van die situasie het ’n botsing van pligte tot gevolg. Die kompromie gaan dus om die probleem van *gelyktydige normrealisering* in dieselfde situasie. Om hierdie botsing van pligte te voorkom, word ’n kompromie in grenssituasies aangegaan. Die bekendste kompromievoorbeeld is seker die bedreiging van die lewe (en nie gesondheid nie) van die moeder en die ongebore baba indien die swangerskap volgehou word. Die *beginsel* is die heiligheid van lewe wat nie vernietig mag word nie (Eksodus 20:13). Die *positivering* van die beginsel (norm) is die beskerming van die moeder en die ongebore baba se lewe. Indien die situasie hom voordoen dat die volhou van die swangerskap die lewe van die moeder en die ongebore baba sal bedreig, dan kom die werklikheid van ’n terapeutiese aborsie ter sprake. Om die moeder se lewe te neem, is strydig met die beginsel van die beskerming van lewe. Dieselfde is van toepassing op die lewe van die ongebore kind. Indien die ongebore kind se lewe geneem word, is dit ’n euwel. Indien die moeder sterf, is dit ’n groter euwel vanweë ’n reeds bestaande verhouding (bv. huwelik) en moontlike ouerskap. Dit sou dus ’n groter euwel wees om nie die swangerskap te beëindig nie. Omdat daar geen ander alternatief as net hierdie twee euwels is nie – dus ’n botsing van pligte – word ’n mens gedwing om die minste euwel te kies. Met die minste van twee euwels word bedoel dat die beste keuse tussen twee onaanvaarbare moontlikhede gemaak moet word. *Die kompromie is dus die keuse tussen die minste van twee euwels.* Die euwels verwys na wat die gevolg kan wees indien die norm wat bots, gekonkretiseer word.

Die ironie is dat in ’n grenssituasie die minste euwel dan as die aanvaarbare optrede vir dié situasie beskou word – iets wat buite die konteks van ’n grenssituasie nie aanvaarbaar sou wees nie. Dit verbeeld die verleentheid van die kompromie deurdat gekies word vir die minste euwel.

Die keuse om te aborteer ten gunste van die moeder se lewe is die minste euwel (*minus malum*) en die behoud van *net* haar lewe is die kleiner goed (*minus bonum*). Die idiaal is dat beide lewens behou moet word (*vere bonum).*

Burggraeve het die verstaan van die kompromie verruim deur twee etiese konsepte waarmee hy werk, naamlik die *etiek van die haalbare* en ’n *groei-etiek (sien 2.1).* Gewenste etiese gedrag is nie altyd moontlik nie. Alhoewel ’n mens na die absolute goed (*vere bonum*) strewe moet ’n mens dikwels met die kleiner goed (*minus bonum*) tevrede wees. Die kleiner goed is ’n verbetering op die minste euwel (*minus malum*) (Burggraeve, 2000:257). Situasies kan hulle voordoen wat nie die ideaal is nie (byvoorbeeld saamwoon, eerder as om te trou) maar in hierdie situasie wil mense steeds eties leef (wat is die etiese gedrag vir saamwoon?). Dit is die basis van ’n groei-etiek. ’n Mens groei na die ideale situasie. ’n Groei-etiek verteenwoordig die kleiner goed (*minus bonum*) (Burggraeve, 2000:259).

Uit die navorsing kan drie sake afgelei word:

- Om etiese keuses te maak is om met verleentheid te handel.
- Alle etiese keuses moet aanspoor tot ’n beter wêreld (omstandighede).
- Etiese keuses is nie noodwendig die beste keuses nie, maar dikwels al uitweg wat bestaan.

## 3. Skrifberoep in etiek

Skrifberoep is algemeen in die Christelike etiek. Waar dit betreklik algemeen was om etiese uitsprake op Skrifgronde te baseer is hierdie debat nie nie meer so simplisties nie. Die redes hiervoor het onder meer te doen met die konstitusionele gelykstelling van godsdiens (een godsdienstradisie kan nie alleenspraak oor etiese sake hê nie) en die postmodernisme (wat die debat gestimuleer het dat die Bybel nie fundamentalisties verstaan kan word nie).

Die vraag na die Christelike wetenskap en die gebruik van die Bybel in die wetenskap (navorsing) is ook nie ’n nuwe vraag nie. In die navorsing het drie sake opgeval.

Eerstens ’n perspektief van Greidanus (1990) dat die gebruik van die *Bybel in die wetenskap nie daar is om die skepping te verklaar nie, maar om die navorser in sy oortuiging te begelei in sy/haar soeke na antwoorde.* “So the biblical framework gives Christian scholars a specific perspective on reality” (Greidanus, 1990:11). Hy verwys instemmend na Fowler wat opmerk “The place of the Bible in our task of studying creation is not to give answers, but to guide us in our search for the answers, to be the light

by whose illumination we find the answers in the creation itself" (Fowler in Greidanus, 1990:13). Hy skryf verder dat die Bybel nie die data vir die Christelike wetenskap is nie, maar 'n uitsig bied op die geloof in God. Die Christen wetenskaplike leef sy/haar geloof uit ook deur wetenskap. Hy/sy het die Bybel nodig om God vereerende werk te doen (Greidanus, 1990:9).

*Tweedens moet onthou word dat die Bybel nie oor alles 'n direkte uitspraak het nie en dat daar dikwels met afgeleide beginsels gewerk moet word.* Neem die volgende voorbeelde. Die wêreld van die Bybel is vêr verwyderd van 'n uitdaging soos intellektuele eindom, maar dit beteken nie dat die Bybel swyg oor besitreg nie. Die agste gebod (Eksodus 20:15) vermaan dat een mens nie 'n ander se besittings mag neem sonder toestemming nie. Die afleiding is verder dat iemand nie iets op 'n onredelike manier mag bekom nie. Die verstaan van eiendomsreg is gesetel in die Bybel wat God ken as die Eienaar van die land. Hierdie eienaarskap word in die verbondsluiting vervat. Wanneer die Israeliete in ballingskap is, is deel van die trauma dat hulle die land wat aan God behoort het, verloor het. Hoewel die land God se eiendom is, word dit aan die mens geskenk. In 'n teologiese sin besit die mens dus nie die land nie, maar hy bestuur dit vir God. God het besitreg en die mens het bestuursverantwoordelikheid. Die besitreg word gekwalifiseer deur God se eiendomsreg en die bestuursverantwoordelikheid deur die opdrag wat 'n mens van God ontvang het. Dieselfde beginsel wat op die land van toepassing is, is op al die ander besittings van toepassing: God is die eienaar van alle besittings. Teologies gesien, besit geen mens dus *in beginsel* iets nie. Alles behoort aan God (Psalm 24:1, 50:16, Romeine 11:36). Binne die Christelike sake-etiek sal hierdie beginsel die motief wees wat alle sakebedrywighede onderlê.

Derdens herinner Du Plessis (2003) 'n mens daaraan dat die Bybel en wetenskap nie in opposisie tot mekaar gestel moet word nie. Hy onderskei tussen die skepping as daad van God en die skepping as die resultaat van hierdie handeling. Laasgenoemde is die fokus van die wetenskap (Du Plessis, 2003:40). Wetenskap en geloof behoort nie "ghetto lewens" te lei nie. Godsdiens is die integrasie van intellek en vertroue. Nie alles in die Bybel kan letterlik opgeneem word nie. As dit wel so is, dan lê 'n fundamentalistiese verstaan ten grondslag. In plaas daarvan is die klem eerder op interpretasie en die soeke na mening. Dit is dus noodsaaklik dat mense onbevange na feite kyk (Du Plessis, 2003:42). Du Plessis identifiseer 'n "derde dimensie" wat ruimte laat vir mistiek. Dit voorkom 'n fundamentalistiese benadering en die persepsie dat die waarheid lê in wat histories bewys kan word (Du Plessis, 2003:130). Interpretasie is dus van belang. Hier kan byvoorbeeld verwys word na Du Toit (2008:658) wat reg

is as hy daarop wys dat die probleem nie met die mediese feite oor die ontstaan van menslike lewe is nie, maar die wyse waarop hierdie feite geïnterpreteer word vanuit 'n religieuse perspektief.

## 4. Self-evaluering van navorsingskommentaar

In die evaluering van navorsing kan die volgende opmerkings gemaak word.

### Die belang van 'n meta-etiese raamwerk

Die konseptualisering waarvoor die navorser gekies het, is dat *etiek beskryf kan word as normatiewe handelinge (verantwoordelike keuse/ uitvoering van die keuse) wat deur singewing (groei) morele liefde vergestalt* (sien paragraaf 2.1). Hierdie konseptualisering het dit duidelik gemaak dat meta-etiek belangrik is in die gesprek rondom etiek en die identifisering van etiese riglyne. In die loop van die navorsing is verskeie pogings aangewend om tot 'n duideliker omskrywing van etiek te kom. Hierdie soeke na 'n duideliker omskrywing is gemotiveer deur bestaande etiek definisies wat nie altyd verbruikersvriendelik is nie. Selfs bostaande konseptualisering is nie sonder probleme nie omdat konsepte soos "normatiewe handelinge" en "morele liefde" nie maklik toepasbaar is nie. Dit is om hierdie rede dat die etiese raamwerk verbreed is met begrippe soos verantwoordelikheid, besluitneming (as vergestalting van verantwoordelikheid) en groei.

'n Opsigtelike voordeel is dat hierdie begrippe etiek in 'n konkrete perspektief gestel het. Dit bly egter 'n uitdaging om hierdie begrippe prakties toe te pas. (Dit bly natuurlik 'n ope vraag in watter mate hierdie konseptualisering altyd prakties toegepas is.) Die afleiding wat 'n mens kan maak is dat ten spyte van die belang van 'n raamwerk waarbinne die etiek beoefen moet word (meta-etiek) het betreklik min hiervan in die vaslê van 'n etiese begrip neerslag gevind.

Twee afleidings hieruit is belangrik. Eerstens moet meta-etiese raamwerke nooit as finaal beskou word nie, maar moet voortdurend aan verandering/evaluering onderworpe wees. Tweedens sou dit die etiese diskoers verhoog het indien die begrippe wat vir hierdie raamwerk geïdentifiseer is verder aan die hand van 'n bepaalde etiese probleem ontwikkel is.

### Skrifgebruik

Normatiewe handelinge is belangrik binne die etiek. Maar geen normatiewe handeling kan sonder 'n etos wees nie. Die navorser het op basis van die Gereformeerde belydenis die Koninkryksmotief as etos geneem.

In die navolging van ’n Koninkryksetos is dit vanselfsprekend dat die Bybel (veral binne die teologiese etiek) ’n belangrike verwysinsingsrol sal speel. Binne die domein van die Christelike etiek word die Bybel bron van verwysing (die Bybel as teks) en rig dit ook etiese toepassings. Drie sake moet egter duidelik wees. Eerstens kan die Bybel nie buite konteks in die etiek gebruik word nie (sien die voorbeeld oor die wording van lewe in subafd. 2.2). Tweedens moet die Bybel self krities deur die etiek bestudeer word om riglyne te gee vir ’n bepaalde situasie (byvoorbeeld waarheid en integriteit). Derdens moet onthou word dat religieuse en wetenskaplike kennis nie dieselfde is nie, maar dat elkeen as ’n legitieme kennisbron beskou kan word.

**Konseptuele verstaan en praktiese toepassing**

’n Groot probleem van enige etiek-navorsing is dat die riglyn wat verskaf word maklik kan vasval in strakke dogmatiese reëls en dat die praktiese toepassing van die riglyn dan nie moontlik is nie. Om te argumenteer dat ’n mens verantwoordelike keuses moet maak in regstellende aksie is byvoorbeeld baie moeilik as ’n groter raamwerk van toegang en uitnemendheid nie verreken word nie. Dit is om hierdie rede noodsaaklik dat die praktyk (byvoorbeeld genetiese manupilasie) aan die raamwerk (normatiewe handelinge, morele liefde en singewing) moet uitwys of die raamwerkriglyne in ’n bepaalde situasie toegepas kan word. Die debat oor aborsie, armoede en bevolkingsontploffing is sprekend hiervan. Die gangbare antwoord is dat een etiese probleem (onverantwoordelike seksuele gedrag wat lei tot swangerskap) nie deur ’n volgende etiese probleem (aborsie op aanvraag) opgelos kan word nie. Met die meriete van die antwoord is daar geen probleem nie. Die toepassing kan verdere etiese probleme tot gevolg hê (kind wat net verder in armoede versink, gesondheidsorgprobleme, verwaarlosing, ens.). Die teenoorgestelde kan ook gebeur: die bewering is al dikwels gemaak dat kindertoelae juis daartoe kan lei dat werklose (tiener-) ma’s swanger raak (onverantwoordelike gedrag) net om geld te “verdien” om die gebrek aan geld (armoede) te help verlig. Die afleiding hieruit is dat tussen raamwerk (konsep) en toepassing (implementering) daar ’n voortdurende gesprek moet wees sodat die probleem beter verstaan en geartikuleer kan word.

**Etiek geen kitsoplossing**

Dit sal ’n fout wees om te dink dat etiek en etiese riglyne noodwendig ’n probleem oplos. Etiek is geen towerstaf wat probleme ongedaan maak nie. Die etiek help egter om probleem binne ’n normatiewe raamwerk te ver-

staan en sinvolle riglyne daarvoor aan te lê. Hierdie is 'n groot probleem binne die etiese diskoers. Dit is om hierdie rede dat byval gevind word by die handelende karakter van die etiek. Wanneer riglyne geïdentifiseer word, is dit reeds op die basis van keuses. 'n Nog groter uitdaging is om hierdie riglyne te implementeer/toe te pas. Dan is dit nog geen waarborg dat daar nie nuwe etiese probleme kan opduik nie. Die etiek het dus ook die opdrag om voortdurend gedrag te monitor om vas te stel in hoeverre nuwe etiese probleme kan ontstaan. Etiek is dus ook 'n wederkerige handeling. Die praktyk moet dus gevestig word dat etiek nie net besinning is nie, maar ook toepassing en dat toepassing tot nuwe/verdere besinning moet lei.

Etiek as normatiewe handeling moet dus gevestig word. 'n Gruwelike fout wat dikwels gemaak word, is om etiek te beperk tot 'n waarde oordeel en dit nie uit te brei tot 'n waarde aksie nie. So kan byvooorbeeld 'n professionele etiek goed doen deur roeping in werk weer te bevorder. Roeping is nie iets wat eksklusief vir die predikante beroep gereserveer is nie. Dieselfde kan van die bedoeling van werk gesê word: Dit is nie *net* daar om toegang tot lewensmiddele te verseker nie. Roeping word verder deur gesindheid, inset en uitset en werksbevrediging bevorder. In dit alles is etiek 'n aktiewe handeling.

**Etiek as wetenskap**

Dit moet nie uit die oog verloor word dat etiek ook 'n wetenskap is nie. As wetenskap in eie reg moet daar ook voortdurende vernuwing en uitbou van bestaande raamwerke, kennis en insigte wees. Dit kan veral sigbaar wees deur konseptuele groei. Die navorsing wat onderneem is, het 'n voortdurende konseptuele groei getoon. Hier kan na twee voorbeelde verwys word. Eerstens het die etiese benadering verander van starre analise tot 'n (meer) werkbare raamwerk. Die voortdurende hersiening van die konseptualisering van wat etiek is, kan as bewys hiervoor aangevoer word. Tweedens het die verstaan van die kompromie-figuur verbreed. Waar die kompromie eers eng vertolk is in terme van die keuse tussen twee euwels het die klem verskuif na die kompromie as die minste goed.

Binne die wetenskaplike domein van die etiek, moet daar ook 'n soeke wees na die verbreding van die kennisbasis. Hier is kontekstualisering en meelewing met die openbare debat belangrik. Dit noodsaak dus refleksie en die vestiging van nuwe kennis. Waar die navorsing tekortskiet is die relatief min praktiese voorbeelde wat in die navorsing teruggevind is. Twee duidelike tekortkomings kan geïdentifiseer word. Eerstens vertoon die navorsing te min *praktiese kennis* van die onderwerp. Tweedens is die

perspetuele benadering gevestig dat as 'n beginsel gevestig is, sal die verbruiker self die situasie kan aanspreek. Dit kan nie sondermeer ervaar word nie. Etiek onderrig en gevalle studies sou kon help om die hantering van die etiese dilemma te hanteer.

## 5. Evaluering: Die etiek of slegs etiese riglyne?

Uit hierdie studie het dit duidelik geblyk dat daar nie die etiek is nie, maar dat etiek voortdurend aan vernuwing onderworpe is. Dit is om hierdie rede dat etiese riglyne belangrik is om in enige etiese dilemma te verreken. Op basis van hierdie studie kan die volgende etiese riglyne geformuleer word:

- Etiek is nie net besinning, maar ook handeling. Hiermee word die handelende karakter van die etiek aangedui. Etiek moet nie verskraal word net tot die identifisering van norme nie (besinning), maar beginselpositivering moet die handelende karakter veronderstel.
- Etiek en etos kan nie geskei word nie. Die etos word die voedingsbron vir etiese keuses.
- Etiek kan deur filosofiese voorvrae ondersteun word. Die integrering van etiek met ander wetenskappe help om etiek se wydlopendheid te verstaan.
- Etiek behoort 'n gasvryheidskarakter en nie 'n ghettobestaan aan te neem nie. Die etiek behoort in gesprek te wees met uiteenlopende etiese sienings, situasies en onderwerpe. Die etiek kan nie 'n eenkantkyk-bestaan duld nie.
- Etiek moet nie net gedrag en situasies beoordeel nie, maar die gedrag en die situasies moet ook gekorrigeer word. Etiek is derhalwe 'n normatiewe wegwyser deur konflikterende situasies.
- Etiek moet 'n leefwyse word. Etiekonderwys kan help om mense te sensitiseer ten gunste van etiese gedrag. Etiese gedrag moet neerslag vind in alle lewensomstandighede.

## Bibliografie

BADARACCO, J.L. 1998. *Business ethics: roles and responsibilities.* New York: McGraw-Hill Companies.

BOK, D. 2003. *Universities in the marketplace: the commercialization of higher education.* Princeton: Princeton University Press.

BURGGRAEVE, R. 1997. Een christelijke ethiek van het haalbare. Wuyts, B. (Red). *De geest rust nooit: Gelovigen in beweging.* Kapellen: Patmos. 143-152.

BURGGRAEVE, R. 2000. *Ethiek en passie. Over de radicaliteit van christelijk engagement.* Tielt: Lannoo.

BURGGRAEVE, R. 2006. *Meaningful living and acting: an ethics of growth for educational and pastoral work.* Draft manuscript: Leuven: KUL. *Business: The ultimate resource.* 2002. London: Bloomsbury

DEIST, F. 1991. Kerk moet weer besin oor aborsie. *Rapport.* 10 November.

DOUMA, J. 1999. *Grondslagen christelijke ethiek.* Kampen: Uitgeverij Kok.

DU PLESSIS, I. 2003. *God en wetenskap – en ons wat glo.* Wellington: Lux Verbi BM.

DU TOIT, D.A. 1989. *Antroplogie en embriologie*. In Theron en Kinghorn. 101-111.

DU PLESSIS, I. 2003. *God en wetenskap - en ons wat glo*. Wellington: Lux Verbi BM.

FISHER, J. E. 2000. Making choices: teaching business ethics. In: Kavanaugh, J.F. and Werner, D.J. (Eds). *What's ethics got to do with it?* St Louis: St Louis University Press. 29-35.

FISHER, J. E. 2002. The practice and purpose of teaching business ethics. In: Lategan L.O.K. and Le Roux P. (Eds). *Business ethics*. Bloemfontein: Tekskor. 93-101.

GREIDANUS, S. 1990. The use of the Bible in Christian Scholarship. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*. 26(3&4): 1-13.

HEITINK, G. 1977. Pastoraat als hulpverlening. *Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.

HEYNS, J.A. 1972. *Lewende Christendom: _ Teologie van gehoorsaamheid*. Kaapstad: Tafelberg.

LATEGAN, L.O.K. 2007. Etiek in Navorsing: _ Voorgestelde Raamwerk vir Waardegedrewe Navorsing. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, 43(3&4): 235-251.

LATEGAN, L.O.K. & HOOPER, P. 2009. Ethics, governance, research and enterprise. *Perspectives*, 13(2): 55-60.

LENCIONI, P.M. 2002. Making your values mean something. *Harvard Business Review*. July. 113-117.

ROSSOUW, P.J. (Red). 1988. *Gereformeerde ampsbediening*. Pretoria: NGKB.

SHAW, W.H. & BARRY, V. 2004. *Moral issues in business*. Belmont: Wadsworth/Thompsons Learning.

SMIT, J.H. 1985. *Etos en etiek*. Bloemfontein: Patmos.

SPOELSTRA, T.A. Th. 1989. Is man subject or object? *Tydskrif vir Christelike wetenskap*. 25(3&4): 29-52.

STRAUSS, D.F.M. 1978. Inleiding tot die kosmologie. Bloemfontein: Sacum

STRAUSS, S.A. 1988. *Ampsbediening en etiese beslissings*. Rossouw (Red). pp.183-195.

THERON, P.F. & KINGHORN, J. (Reds). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos*. Bloemfontein: Pro-Christo Publikasies.

VALENKAMP, M. 2006. *Technology asks for ethics. Thoughts about professional ethics for technicians in a world of modern technical innovations*. Presentation at the Central University of Technolgy, Free State. July, 23.

VAN NIEKERK, A.A. 2005. *Geloof sonder sekerhede: Besinning vir eietydse gelowiges*. Wellington: Lux Verbi B.M.

VELEMA, W.H. 1976. *Ethiek en pilgrimage*. Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland.

VOLKSBLAD. 2009. Julie, 15. p.3.

VOSLOO, R. 2006. *Engele as gaste?* Wellington: Lux Verbi BM.